# DIE JOB-TOETS

Met die lees van die boek Job kom daar baie vrae op in die hart van die Gelowige. Job het ‘n intensiewe geloofstoets beleef en geslaag. Elkeen wat deel is van die Bruid sal deur Job-toetse gaan. Dit is nodig om eers die boek te lees voordat ons verder gaan.

Daar is onsekerheid oor wie Job was en wanneer hy geleef het, maar as ons die gegewens gebruik wat ons wel in die Skrif kry, vorm daar tog ‘n beeld.

WIE WAS JOB?

As mens binne die Woord bly, kom Job se naam wel voor. Dis moontlik dat Job diè Job was wat die derde seun van Issaskar was. Ons lees dit in Genesis 46:13 ...

> “En die seuns van Issaskar: Tola en Puwa en **Job** en Simron.”

Sy vriende sal dan ook uit daardie era moet wees en daar is bewyse daarvoor ook. Hulle was Elifas, Bildad en Sofar. Dan was daar ook die jonger Elihu.

Elifas van Teman (Job 4:1) kon Esau se seun gewees het, want Esau het ‘n seun gehad wie se naam Elifas was. Elifas het weer ‘n seun gehad wie se naam Teman was. Plekke is vernoem na belangrike mense wat in ‘n area gewoon het.

> Gen. 36:10 -11 “Dit is die name van die seuns van Esau: **Elifas**, die seun van Ada, die vrou van Esau; Rèhuel, die seun van Basmat, die vrou van Esau.
> En die seuns van Elifas was: **Teman**, Omar, Sefo en Gàetam en Kenas.”

Dit is verstaanbaar dat iemand uit Teman vir Job sou wou raad gee, want dit lyk asof Teman bekend was vir sy wyse manne volgens Jer. 49:7.

> “Oor Edom. So sê JaHUaH van die leërskare: Is daar geen **wysheid meer in Teman** nie: Ontbreek **raad** by die verstandiges: Is hulle **wysheid** uitgeput?”

Edom beteken “rooi”. Dit verwys ook na Esau en sy nakomelinge, want Esau was o.a. rooi en harig met geboorte. Esau beteken “harig”.

> Gen. 25:25 “En die eerste is gebore – **rooi**, geheel en al soos ‘n mantel van **hare**. Daarom het hulle hom Esau genoem.”

Die “Illustrated Manners and Customs of the Bible” skryf die volgende oor Esau:

> “Eldest son of Isaac and twin brother of Jacob. He is the **progenitor of the tribe of Edom**. He sold his birthright to Jacob (Gen. 25:26-34, Gen. 27)”.

Gen. 36:1 is baie duidelik dat Edom, Esau is.

> "En dit is die geskiedenis van **Esau, dit is Edom**."

Esau het Kanaänitiese vroue geneem. Hy het later weggetrek van Jakob af en in die gebergte Seïr gaan woon. Dit is in die omgewing van Petra in Jordanië.

> Gen. 36:6-8 "Toe neem Esau sy vroue en sy seuns en sy dogters en al die mense van sy huis, sy vee en al sy diere en al sy besittings wat hy in die land Kanaän verwerf het, en hy trek na 'n land, weg van sy broer Jakob af;
> Want hulle besittings was te groot om saam te woon, en die land van hulle vreemdelingskap kon hulle nie dra vanweë hulle vee nie.
> En **Esau het gaan woon in die gebergte Seïr. Esau, dit is Edom**."

Esau was gewelddadig en jaloers omdat Jakob sy eersteboortereg verkry het wat hy aan hom verkoop het vir 'n pot lensiesop. JaHUaH spreek oordele uit oor Esau of dan ook Edom, soos in Amos 1:11 – 12.

> "So sê JaHUaH: Oor drie oortredinge van **Edom**, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hy sy broer met die swaard agtervolg het en sy jammergevoel verstik het, sodat sy toorn altyd verskeur en hy gedurigdeur sy grimmigheid behou.
> Daarom sal Ek 'n vuur slinger in **Teman**, en dit sal die paleise van Bosra verteer."


Job was van Us (Job 1:1). Us was een van AbraHam se broer, Nahor, se kinders by Milka.

> Gen. 22:20 – 22 "Nà hierdie dinge het hulle aan AbraHam berig gebring en gesê: Kyk, Milka het ook vir jou broer Nahor seuns gebaar:
> **Us**, sy eersgeborene, en **Bus**, sy broer, en Kèmuel, die vader van Aram, ook Kesed en Haso en Pildas en Jidlaf en Bètuel."

Vaders het familiehoofde geword, en naderhand hoof van die streek, of selfs konings van 'n gebied, omdat hulle in daardie tyd so lank gelewe het en die families so groot geword het. So, het Us ook 'n naam vir 'n plek geword asook Teman en Edom. Dis waar Job gewoon het. Jessie E. Mills skryf sò oor Job en Us:

> "The first chapter states him to have lived in the land of Uz (or Uts), and in view of ancient history and Biblical evidence, I believe this place to have been located in Arabia of Petraea, on a line between Egypt and Philistia, surrounded by Kedar, Teman and Midan, all of which were districts of Arabia; situated in Idumea, the land of Edom, or Esau; and compromising large part of it, that Idumea and Ausitis, or the land of Uz, and the land of Edom, were convertible terms, and equally employed to import the same region."

(Sien op die volgende kaart waar Job se woonplek kon gewees het.)




DIE HEILIGE LAND: GEOGRAFIESE BENAMINGS IN DIE OU-TESTAMENTIESE TYD

Job het dus in Edom gewoon. Hy was Jakob se nageslag, maar het tussen Esau se nageslag gewoon. So word Edom en Sion amper in een asem aangespreek in Klaagliedere 4:21 – 22.

> "Verbly en verheug jou, **dogter van Edom**, wat in die land **Us** woon; ook na jou sal die beker kom, jy sal dronk word en jouself ontbloot.
> Jou straf het sy einde bereik, **dogter van Sion**, Hy sal jou nie weer in ballingskap laat wegvoer nie. Hy besoek ongeregtigheid, **dogter van Edom**, Hy openbaar jou sondes."

In Eseg. 25:13 word die name van Edom, Teman en Dedan ook genoem as plekke wat na hierdie mense vernoem is.

> "..... daarom, so sê die Meester JaHUaH: Ek sal my hand uitstrek teen **Edom** en daaruit mens en dier uitroei; en Ek sal dit 'n puinhoop maak van **Teman** af, en tot by **Dedan** sal hulle deur die swaard val."

Obadja vers 8 en 9 bevestig ook die gebied van Esau en die wysheid wat sogenaamd van daardie area was.

> "Sal Ek nie in diè dag, spreek JaHUaH, die **wyse** manne uit **Edom** verdelg nie en die **verstand** uit die gebergte **Esau**?
> En jou helde sal verskrik wees, o **Teman**, sodat elkeen deur moord uit die gebergte van Esau uitgeroei sal word."

Volgens Job 8:1 was Bildad 'n Suhiet. 'n Suhiet is 'n afstammeling van Suag (Strong's H7747 en H7744). Suag was die sesde seun van Abraham by Ketùra. Dit was ook 'n plek in dieselfde uitgestrekte gebied.

> Gen. 25:1 – 2 "En Abraham het weer 'n vrou geneem met die naam van Ketùra.
> En sy het vir hom Simran en Joksan en Medan en Mìdian en Jisbak en **Suag** gebaar."

Sofar, die Naämatiet (Job. 11:1), was van Nàäma wat in die laagliggende deel van Juda was. Dit word genoem as 'n stad in Josua 15:41.

> "... en Gedèrot, Bet-Dagon en **Nàäma** en Makkèda: sestien stede met hulle dorpe;"

Elihu (Job. 32:6) was 'n Busiet. Hy was 'n nakomeling van **Bus**, die seun van Nahor, AbraHam se broer soos reeds aangehaal in Gen. 22:20 – 22 (bl.2).

Dit is dus redelik om te aanvaar dat diè Job waarvan die Woord skryf, die nageslag van Issaskar kan wees. Esau het die land van Arabië ingeneem en dis Edom genoem. Elifas was die seun van Esau en 'n neef van Job en kan heel moontlik dieselfde Elifas van Teman wees, wat 'n provinsie van Arabië is.

Die mense van hierdie area sou dan heel moontlik noue familiebande met AbraHam kon gehad het. Hierdie landstreek is die plek waar Elohiem aan Ismael beloof het dat hy ‘n groot nasie sou word. Esau, die kleinseun van AbraHam, het die dogter of kleindogter van Ismael, wat sy oom was, getrou. Dit was in die woestyn van Bersèba waar Hagar met Ismael rond gedwaal het (Gen. 21:14), toe JaHUaH met haar gepraat het.

> Gen. 21:17 – 21 “Toe hoor Elohiem die stem van die seun, en die Engel van Elohiem het na Hagar geroep uit die hemel en haar gevra: Wat is dit met jou Hagar? Wees nie bevrees nie, want Elohiem het na die stem van die seun geluister op die plek waar hy is.
> Staan op, tel die seun op en hou hom vas met jou hand, want Ek sal hom ‘n groot nasie maak.
> Daarop het Elohiem haar oë geopen, en sy sien ‘n put! En sy het geloop en die sak vol water gemaak en die seun laat drink.
> En Elohiem was met die seun; en hy het opgegroei en in die **woestyn** gewoon en ‘n **boogskutter** geword:
> Hy het in die woestyn **Paran** gewoon; en sy moeder het vir hom ‘n vrou uit Egipteland geneem.”

Paran is ook in Edom. Idumeë (Idumea) was die Grieks vir Edom, wat “rooi” beteken.

Dan was daar ook die jongman, Elihu. Hy was ook van die nageslag van Bus (Job. 32:2). Hy was wel heelwat jonger as Job en sy drie vriende, volgens die Woord (Job. 32:4 – 6).

Noudat ons ‘n beter prentjie het van die moontlike agtergrond van Job, kan ons probeer uitvind hoekom Satan so vuriglik op Job gefokus het om hom skade te berokken.

DIE WRAAK VAN SATAN

Job se naam in Hebreeus is אִיּוֹב (Ijov). Dit beteken: “Gehatene” (Strong’s H347). Dit stam af van die woord **איב** (ajav) wat beteken ‘om te haat’ (Strong’s H340), soos wat die Vyand oor die mens voel. Waarom sou Satan Job so gehaat het? Die Woord sal ons stelselmatig na die antwoord op hierdie vraag lei.

Job was ‘n regverdige man en speel ‘n hoofrol in die Woord volgens Esègiël. Esègiël verwys nie net na Job nie, maar ook na Noag en Daniël. Elkeen van hulle het ‘n hoofrol gespeel en elkeen van hulle het ‘n groot beproewing deurleef en oorleef het omdat hulle onskuldig was (Gen. 6:9, Job 2:3, Dan. 6:23).

> Eseg. 14:14, 20 “.... al was hierdie drie manne, Noag, Daniël en Job, daarin, dan sou hulle deur hulle geregtigheid *net* hulle eie siel red, spreek die Meester JaHUaH.
> ... al was Noag, Daniël en Job daarin, so waar as Ek leef, spreek die Meester JaHUaH, hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou *net* hulle eie siel deur hulle geregtigheid red.”

Die eerste twee hoofstukke van Job beeld die opstelling uit vir die wraak van Satan. Job was vroom en opreg, godvresend en hy het afgewyk van die kwaad (Job 1:8). Hy het ook volhard in sy vroomheid nadat Satan hom die eerste maal aangeval het om hom te vernietig **sonder oorsaak** (Job 2:3).

Satan is telkens deur Elohiem toegelaat om Job aan te val. Die oorsprong van Satan se wraak is uit jaloesie en naywer gebore. Satan het voorheen die posisie beklee wat herinner aan diè van die Bruid weens die ooreenkoms van die stene op die borsplaat van die hoëpriester wat Israel verteenwoordig het en wat ook voorkom waar Satan beskrywe word in Eseg. 28. Dit was so voordat daar onreg in hom gevind is. Hy opereer met negatiewe passie teenoor ons as die Bruid soos wat 'n nydige vrou kan doen as sy nie meer aanneemlik is vir haar eertydse Bruidegom nie terwyl hy iemand anders gekry het.

Satan se nydigheid kom al te voorskyn sedert hy vir Adam en Eva in die tuin verlei het. Die tuin van Eden was die plek waar **JaHUaH se teenwoordigheid** was. Hy het hulle opgesoek, maar hulle het hulle vir Hom verberg nà hulle sonde (Gen. 3:8). Daarna is hulle uit die tuin verdryf en het JaHUaH Moses die Tabernakel laat bou om **Sy teenwoordigheid** sodoende weer na die mens toe te bring.

Ons lees in Eseg. 48:35 van die stad se naam wat sal wees: **"JaHUaH is daar!"** (Eseg. 48:35). Dit is in Hebreeus: JaHUaH Shammah. Dit was 'n voorwaardelike profesie wat nie fisies in vervulling gegaan het of nog sal gaan nie, want dit is wel geestelik vervul in die Nuwe Testament.

Eden was die eerste "JaHUaH shammah" (JaHUaH is daar), daarna was die Tabernakel van Moses "JaHUaH shammah" en uiteindelik is die weergeborenes die Tempel, die plek waar JaHUaH is - JaHUaH is daar!

> 1 Kor. 3:16 "Weet julle nie dat julle 'n **tempel van Elohiem** is en die Gees van Elohiem in julle woon nie?"

Die verdere vervulling sien ons in Open. 21:3.

> "En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, **die tabernakel van Elohiem is by die mense**, en <u>Hy sal by hulle woon</u>, en hulle sal sy volk wees; en **Elohiem self sal by hulle wees as hulle Elohiem**."

WIE IS DIE BRUID?

Die Bruid, die Oorblyfsel, het deur die geskiedenis die "fakkel" van die Geloof in Messias JaHUsha brandende gehou en aangegee na die volgende geslag van die Oorblyfsel van Ware Gelowiges. Dit is hulle wat gewoonlik al veel in die lewe opgeoffer het om die Lam te bly volg.

Matt. 19:29 “En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van my Naam verlaat het, sal **honderd maal** soveel ontvang en die ewige lewe beërwe.”

Die Bruid word duidelik gemaak in Openbaring 3:12, 7:1 -8, 12:14 – 17, 14:1 – 5, 14:12 en laastens in Open. 22:3 - 5.

Open. 22:3 – 5 “En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die **troon van Elohiem** en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien.
En hulle sal sy aangesig sien, en sy **Naam sal op hulle voorhoofde** wees.
En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat JaHUaH Elohiem hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.”

Sy Naam sal op hulle voorhoofde wees net soos daar op die hoëpriester se tulband gestaan het: קֹדֶשׁ לַיהוה (Kodesh laJaHUaH) , wat beteken: **Afgesonder aan JaHUaH** (Ex. 28:36). Kodesh word met “heilig” vertaal in die Afrikaanse Bybels, maar dit beteken letterlik “om af te sonder” of “eenkant te sit”.

Die Mees Afgsonderde Plek of Allerheiligste sal dan ook die plek wees waar daar algehele afsondering met JaHUaH is en waar die troon van JaHUaH is, naamlik die Ark van die Verbond. Die Bruid het tot in die Allerheiligste gevorder met die toepassing van haar geloof. Met JaHUsha se sterwe is daardie weg vir ons geopen toe die gordyn geskeur het.

Net die hoëpriester kon die tulband dra met die Naam van JaHUaH daarop. In Job se verweer teenoor sy vriende beskryf Job sy eie geestelike klere soos diè van ‘n hoëpriester.

Job. 29:14 “Die geregtigheid was my **kleed**, en ek sy kleed; my reg was soos ‘n mantel, ‘n **tulband**.”

Die Bruid bestaan uit al die stamme van Skriftuurlike Israel (Open. 21). Dit is die nuwe Jerusalem.

Open. 21:9 – 12 “En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou **die bruid toon, die vrou van die Lam**.
En hy het my in die gees weggevoer op ‘n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die afgesonderde **Jerusalem**, wat uit die hemel van Elohiem neerdaal;
en dit het die heerlikheid van Elohiem gehad, en sy lig was **soos ‘n baie kosbare steen**, soos die kristalhelder jaspissteen.
En dit het ‘n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik diè van die **twaalf stamme van die kinders van Israel**.”

Die twaalf edelgesteentes word ook beskryf in Open. 21:19 – 20. Die vertaling van die stene uit die Hebreeus in die Ou Testament, en dan weer uit Grieks in die Nuwe Testament het sy probleme meegebring, maar dis tog duidelik dat die edelgesteentes op die hoëpriester se borsplaat, en diè van die Nuwe Jerusalem dieselfde edelgesteentes moet wees. So ook diè van Satan in Esègiël, hoewel hy dit alles verontreinig het en net nege van die twaalf stene gehad het.

SATAN SE EDELGESTEENTES

Die hoëpriester het die borsplaat met die steen vir elke stam op sy bors gedra. Dit was deel van sy bekleding.

In Eseg. 28 word dit duidelik dat daar van Satan gepraat word as die een wat in Eden was, m.a.w. die Slang. Hy word beskryf met dieselfde edelgesteentes as diè van die hoëpriester, behalwe drie daarvan.

> Eseg. 28:12 – 19 "Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Meester JaHUaH: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid.
> Jy was in Eden, die tuin van Elohiem, allerhande **edelgesteentes** was jou bedekking: **karneool**, **topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag**; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei.
> Jy was 'n gèrub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n afgesondederde berg; 'n god was jy; jy het gewandel **tussen vurige gesteentes**.
> Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, todat daar ongeregtigheid in jou gevind is.
> Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en **Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig**, o gèrub wat beskut!
> <u>Hoogmoedig het jou hart geword</u> oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien.
> Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme *(afgesonderde plekke)* ontheilig *(was nie meer afgesonder nie)*; daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het.
> Al jou bekendes onder die volke is ontsteld oor jou; jy het 'n verskrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie." *(Kursiewe gedeeltes is ingevoeg)*

Daar is iets waaraan 'n mens kan herkou. Dit kom uit iemand se boek wat homself Rabbi Edward 'Levi' Nydle noem. Die boek se naam is, "Yahweh Shammah, the twelve tribes and the twelve stones of the Cohen haGadol's breastplate":

“You will hear me refer to Satan as a he, and you will also hear me refer to Satan as a she; because I believe that Satan is both, contains attributes of both male and female, and that through Scripture we can come to an understanding that Satan/Helel was actually some sort of a consort or betrothed to Yahweh at one time. Now I know that concept is very strange to some to come to an understanding. But as we read the Scriptures and come to that understanding, I think you will see what I am talking about. We hope to understand, as I am speaking of Satan having a breastplate, that means Satan is a priest of some kind, that Satan must oversee a religious system and be a high priest of that religious system. Now as we read Scripture we find, and we will find as we study the Scripture, that Satan is missing three stones from her breastplate, the very stones which is needed in order to become Yahweh Shammah. The nine remaining stones in Satan’s breastplate have all been corrupted from the righteous attributes and characteristics of each stone, you give the opposite of them and you will see how Satan has corrupted these stones so that they become wicked and evil. We must understand these things, the purpose and the characteristic of Satan is to deceive, is to corrupt what Yahweh has created, and to bring deception.”

Maar ten spyte van sy hoë posisie is daar toe ongeregtigheid in Satan gevind.

Jes. 14:12 – 19 “Hoe het jy uit die hemel geval, o **môrester**, seun van die dageraad! *Hoe* Lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!
En jy het in jou hart gesê: **Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van Elohiem en sit op die berg van samekoms** in die uithoeke van die Noorde.
Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, **my gelykstel met die Allerhoogste**!
Ja, in die doderyk sal jy **neergewerp** word, in die diepste plekke van die kuil!
Die wat jou sien, beskou jou, hulle, hulle let op jou *en sê*: Is dit die man wat die aarde laat sidder het, koninkryke laat beef het?
Die wêreld soos ‘n woestyn gemaak en sy stede verwoes het, wat sy gevangenes nie losgelaat het huis toe nie?
Al die konings van die nasies, hulle almal rus met eer, elkeen in sy huis;
Maar jy is neergewerp, ver van jou graf, soos ‘n afskuwelike uitspruitsel, oordek met die wat verslaan is, wat deurboor is met die swaard, wat neerdaal na die klippe van die grafkuil soos vertrapte aas.”

Die woord “Môrester” is “Helel” in Hebreeus ( הֵילֵל ). Ek gaan weer aanhaal wat Rabbi Edward Nydle skryf.

“This word ‘Helel’ can mean, according to the **Lexicon Lohtarios Libras** page 235, Halal – this is the root of the word Helel #1984 – a beautiful woman, a wife is praised by her husband, a woman whose works praise her. Interesting isn’t is? Hallelu-Yah! **The Wilson’s Old Testament Word Study**, on page 506, shows that the word Helel can mean given in marriage, and be worthy to be praised.”

Nou kan ons weer na Esègiël 28:12 – 13 kyk:

> “Mensekind, hef ‘n klaaglied aan oor die **koning van Tirus**, en sê vir hom: So spreek die Meester JaHUaH: Jy **was** die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid.
> **Jy was in Eden**, die tuin van e, allerhande **edelgesteentes** was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei.
> Jy was ‘n gèrub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op ‘n afgesonderde berg; ‘n god *(elohiem)* was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes.”

Esègiël praat nie regtig met die letterlike koning van Tirus nie, maar wel met die vors of koning wat àgter die koninkryk van Tirus sit. Die letterlike koning van Tirus was mos nie in Eden nie, maar hy verteenwoordig Satan, die Slang, die een wat wel in Eden was.

Ons lees ook dat Satan ‘n funksie in sy amp gehad het, naamlik ‘om te beskut’. Ook was hy aanvanklik volkome in sy weë.

> Eseg. 28:14 – 15 “Jy was ‘n gèrub met uitgespreide vlerke wat **beskut**, en Ek het jou gestel op ‘n afgesonderde berg; ‘n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes.
> Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.”

Maar toe kom die “ek wil” te voorskyn in Jes. 14:13 ...

> “.... Ek wil opklim in die hemel, **my troon** verhef bo die sterre van Elohiem en sit op die berg van samekoms .....”

Satan het gerebelleer. Die wortel van alle rebellie is trots en hoogmoed. Satan beteken teëstander. Satan is Elohiem se opponent of teëstander maar hy doen dit indirek deur die Bruid van JaHUaH aan te val weens sy jaloesie op haar nadat hy onthef is van sy pos en hy neergewerp is op die aarde.

Job se verhaal vind plaas nà Satan se val. Uit Job 1:6 lei ons af dat Satan nog steeds toegang tot Elohiem se troon gehad het nà die val.

> “En op ‘n dag toe die seuns van Elohiem kom om hulle voor JaHUaH te stel, het die **Satan ook** onder hulle gekom.”

Satan het nie net toegang tot Elohiem se troon gehad nie, maar ook tot die hele aarde. Ons lees dit in Job 1:7.

> “Toe vra JaHUaH vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord JaHUaH en sê: Van ‘n **swerftog oor die aarde**, wat ek deurkruis het.”

Ons weet nou al wat daarnà gebeur het, maar daar is baie mites oor Job se verhaal. Sy vriende het nie eintlik gehelp nie, maar het eintlik bygedra tot sy smart weens alles wat hulle gesê het.

> Job 1:8 – 9 "En JaHUaH vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad.
> En die Satan antwoord JaHUaH en sê: Is dit verniet dat Job Elohiem vrees?"

Satan opereer nie uit homself nie, maar <u>word deur Elohiem toestemming gegee</u>. As dit nie so was nie, sou hy my en jou al lankal uitgewis het, maar ons is nog hier.

> Job 1:12 "Daarop sê JaHUaH aan die Satan: Kyk, alles wat hy het, is in jou hand; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie...."

Ook in Job 2:6 moes Satan JaHUaH se toestemming kry om Job verder aan te val.

> "En JaHUaH sê aan die Satan: Kyk, hy is in jou hand; spaar net sy lewe."

Volgens Matt. 4:8 – 9 lees ons dat Satan **in besit was** van al die **koninkryke** van die wêreld.
En steeds wil Satan sy troon bo Elohiem s'n stel toe hy JaHUsha die koninkryke wou aanbied as Hy vir Satan sou aanbid.

> "Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom **al die koninkryke van die wêreld** en hulle heerlikheid, en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en **my aanbid**."

Hierdie koninkryke is die sisteem van die wêreld. Die hele politieke sisteem in die wêreld is onder Satan se beheer, hoewel JaHUaH dit toelaat totdat die Messias sal kom om dit omver te werp.

> 2 Kor. 4:3 "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die **god van hierdie wêreld** die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Messias, wat die beeld van Elohiem is, op hulle nie sou skyn nie."

> Efes. 2:1 – 2 "En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens **die loop van hierdie wêreld**, volgens **die owerste van die mag van die lug**, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk..."

Helel, die Môrester, is ook Venus genoem, die godin van die oggendskemering. 'n Ander naam vir Venus is 'die Koningin van die hemel'. Sy word aanbid onder verskeie ander name. Is elke heidense religieuse sisteem gebaseer op Satan as "die Koningin van die hemel" wat aanbid

moet word? Is dit dalk so omdat **hy jaloers is op die posisie van die Bruid?** Elke Godsdienstige sisteem van afgodery het sy priesters, offers, rituele ens.

Ons wil nie in hierdie lering ingaan op die stene van die borsplaat van die hoëpriester se betekenisse nie, maar dit is nodig om te sê dat daar drie is wat ontbreek by Satan in Eseg. 28. Diè drie stene is jagint vir die stam van Gad, agaat vir die stam van Aser en ametis vir die stam van Issaskar.

Let asseblief op dat Job heel waarskynlik afstam van Issaskar soos vroeër in die lering aangedui is. Issaskar beteken: "Daar is loon".

Job het baie vroom en nougeset gelewe. Daar was nie opening sodat Satan reg gehad het om hom aan te val nie. JaHUaH het dit uitgewys aan Satan. JaHUaH sê ook dat daar niemand op die aarde soos Job is nie.

> Job 1:8 "En JaHUaH vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want **daar is niemand op die aarde soos hy nie**: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad."
>
> Job. 2:3 "En JaHUaH vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want **daar is niemand op die aarde soos hy nie**; 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad; en hy **volhard nog in sy vroomheid, alhoewel jy My teen hom opgehits het om hom te vernietig <u>sonder oorsaak</u>."**

WAAROM EVA?

Die rede waarom Satan vir Eva gekies het om te verlei, was omdat dit sy eie ervaring was. Satan het uit hoogmoed en trots geval en dis die resep wat hy op Eva gebruik het.

Eva was as 'n hulp vir Adam geskape, soos wat Satan skynbaar 'n baie hoë posisie deur JaHUaH gehad het. Sy was 'n mede-regeerder oor die aarde saam met Adam. Satan het geval weens sy eie trots, daarom verlei hy vir Eva deur haar te laat glo dat sy soos Elohiem sal kan wees (Gen. 1:5). Dis trots en rebellie. Hy verlei die Vrou/Bruid.

Skriftuurlike Israel is JaHUaH se Bruid. Satan probeer nog steeds om die Bruid te laat struikel, om haar te verlei om in 'n godsdienstige sisteem vas te val in stede daarvan om 'n lewende verhouding te hê met haar Maker en haar Man.

Interessant, Skriftuurlike Israel as die Nuwe Jerusalem, naamlik die Bruid, het **al** die stene van die borsplaat, anders as Satan (Open. 21:19 – 20)

> "En die fondamente van die muur van die die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was jaspis, die tweede saffier, die derde chalcedoon, die vierde smarag;

Die vyfde sardoniks, die sesde sardius, die sewende chrisoliet, die agtste beril, die negende topaas, die tiende chrisopraas, die elfde hiasint, die twaalde ametis."

Jesaja verwys ook na JaHUaH as ons Man en hoe die Bruid opgebou is uit edelgesteentes.

Jes. 54:1 – 12 "Jubel, onvrugbare, wat nie gebaar het nie! Breek uit in gejubel en juig, jy wat geen weë gehad het nie! Want die kinders van die eensame is meer as die kinders van die getroude, sê JaHUaH.
Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in.
Want jy sal regs en links uitbreek, en jou nageslag sal nasies in besit neem en verwoeste stede bevolk.
Wees nie bevrees nie, want jy sal nie beskaamd staan nie; en vrees geen skande nie, want jy sal nie nodig hê om te bloos nie; maar jy sal die skande van jou jonkheid vergeet en aan die smaad van jou weduweeskap nie meer dink nie.
Want **jou Maker is jou Man**; JaHUaH van leëskare is sy Naam; en die Afgesonderde van Israel is jou Verlosser. Hy sal die Elohiem van die hele aarde genoem word.
Want soos 'n verlate vrou en 'n bedroefde van gees het JaHUaH jou geroep, en soos 'n vrou uit die jeugtyd as sy versmaad was, sê jou Elohiem.
Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferming sal Ek jou vergader.
In 'n uitstorting van toorn het Ek vir 'n oomblik my aangesig vir jou verberg, maar met ewige **goedertierenheid ontferm Ek My oor jou**, sê JaHUaH, jou Verlosser.
Soos in die dae van Noag is dit vir My: soos Ek gesweer het dat die waters van Noag nie meer oor die aarde sou gaan nie, so het Ek gesweer dat Ek nie op jou toornig sal wees of jou sal dreig nie.
Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar my goedertierenheid sal van jou nie wyk en my **vredeverbond nie wankel nie**, sê JaHUaH, jou Ontfermer.
Jy ellendige, deur storm gejaagde, ongetrooste! Kyk, **Ek lê jou stene** in sierklei, en Ek grondves jou in **saffiere**; en jou **borswerings** maak Ek van **robyne** en jou poorte van **karbonkels** en jou hele ringmuur van **edelgesteentes**."

Jesaja gaan egter voort in Jes. 54: 13 – 16 ...

"En al jou kinders sal deur JaHUaH geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees.
Deur geregtigheid sal jy bevestig word; wees ver van verdrukking, want jy hoef nie bevrees te wees nie; en ver van verskrikking, want dit sal nie by jou kom nie.
As hulle ook die aanval begin – dit is nie uit My nie; <u>wie jou aanval, sal oor jou val</u>.
**Kyk, Ek het die smid geskape wat die koolvuur aanblaas en 'n wapen voortbring volgens sy ambag; ook het Ek die verderwer geskape om te verniel.**
<u>Elke wapen wat teen jou gesmee word, **sal niks uitrig nie**; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, **sal jy weerlê**. Dit is die **erfdeel van die knegte van JaHUaH** en hulle geregtigheid wat uit my is, spreek JaHUaH</u>."

Noudat ons (Skriftuurlike Israel), sy Bruid is, sê JaHUaH dat ons nie oor Satan bekommerd moet wees nie. Hy het Satan gemaak om te verniel, maar niks sal standhou teen die Israel van Elohiem (Gal. 6:16) nie.

Nou begin ons al hoe beter verstaan. Satan haat hierdie Jisra'EL van Elohiem omdat JaHUaH Israel gekies het as Sy Bruid. Dis nie al nie, Hy het ook vir haar 'n plek berei om saam met Hom te woon (JaHUaH Shammah), die Nuwe Jerusalem (Open. 21:3).

Satan en Eva het die **toets gefaal**, maar **Job het die toets geslaag**. Satan was aanvanklik volkome bevind (net soos Job), maar dit het nie bly staan nie.

> Eseg. 28: 15 "Jy was **volkome in jou weë** van die dag af dat jy geskape is, **<u>totdat</u> daar ongeregtigheid in jou gevind is**."

DIE TOETS

Ons sien in die eerste hoofstuk van Job dat hy 'n baie ryk man was, maar ook vroom en opreg en godvresend en een wat afgewyk het van die kwaad. Net soos sy oupagrootjie, **AbraHam**, word Job se geloof ook getoets. AbraHam se groot toets was die offer van Isak. Sou hy JaHUaH gehoorsaam wees en Isak offer?

Job se toets was ook 'n geloofstoets. Sou hy JaHUaH nog steeds volg, al word hy gestroop van al sy rykdomme, sy gesin en sy gesondheid? Net soos met AbraHam en Job, was die **Israeliete** se geloof ook getoets. Toe Josef dood is, en hulle nie meer welkom in Egipte was nie, was hulle swaar beproef en onderdruk – totdat hulle bereid was om in die geloof alles op te pak en Egipte te verlaat onder die leiding van Moses. Weens ongeloof kon hulle die land Kanaän nie ingaan nie en het hulle in die woestyn gesterf. Hulle nageslag kon onder die leiding van een van die **gelowige** twee verspieders, naamlik Josua, wel die land ingaan en dit begin verower.

JaHUaH het sy volk, Israel, beproef. Die volk is sy Bruid wat Hy hom aan verloof het by Sinai. Vir die **duur van die beproewing** of toets, laat Hy Satan toe om sy agenda uit te voer **tot op 'n punt**. Net so sal ons as die saad van AbraHam (Gal. 3), die Israel van Elohiem (Gal. 6:16), **ook getoets word**.

In die boek Job kan mens die persoonlikheid van Satan waarneem. Ook in Sagaria 3. Hy is 'n Aanklaer en sy naam beteken "Teenstander" (Strong's 7854). **Hy kla ons aan en staan die Gelowige ook teë sover dit vir hom moontlik is**.

JaHUaH het die toets oor Job **toegelaat**. Behalwe Satan se aanvalle was Job se vriende ook deel van sy probleem. Hulle het geredeneer oor wat die **wortel van sy lyding** is, oor **wat hy tog kon gesondig** het. Dit het Job eindeloos gefrustreer, want hy het JaHUaH goed genoeg geken om te weet dat dit hier oor meer gaan as net oor die feit dat hy 'n sondaar is. Hy het geweet daar is 'n doel en 'n motief agter alles.

Daar staan immers in Job 2:3 dat die aanval van Satan op Job “sonder oorsaak” was.

JaHUaH het uiteindelik tussenbeide getree en vir Job iets soos sestig vrae gevra (Job 38 – 41). Diè vrae het geïmpliseer dat Hy, JaHUaH Elohiem is en niemand anders nie. ‘God’ is ‘Elohiem’ in Hebreeus. Dit beteken ‘Magtiges’. Hy wou dus vir Job laat verstaan, dat Hy die Almagtige is en niemand anders nie, want afgode is ook ‘elohiem’ of dan ‘magtiges’. Hy is Magtig bo almal, veral bo Satan wat Job hier aanval.

Dan volg Job 42 waarin Job hom onderwerp het aan JaHUaH as die Almagtige. Daarnà is hy genees, herstel en moes hy vir sy vriende bid wat nog steeds stiksiening was, sodat JaHUaH se woede oor hulle kon bedaar.

> Job 42:1 – 6 “Toe het Job JaHUaH geantwoord en gesê: **Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie**.
> Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis: So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie.
> Hoor tog, en èk sal spreek; ek sal U ondervra en **onderrig U my**!
> <u>Volgens hoorsê</u> het ek van U gehoor; maar **nou het my oog U gesien**.
> <u>Daarom herroep ek en het ek berou in stof en as</u>.”

Job het die oorwinning gekry nog vòòrdat hy dit gesien of beleef het. Hy moes eers in sy gees, verstand en emosies oorwin VOORDAT hy die bevryding van die aanvalle kon beleef. Die toetse het aangehou totdat hy kon oorgee en sy vertroue op JaHUaH plaas, totdat hy kon sê ...

> “laat u wil geskied met my”.

**Geloof is ‘n oorwinning wat reeds behaal is.** In die skool word mens partymaal oorgeplaas na ‘n volgende standerd voordat jy die vorige een werklik onder die knie het, maar in JaHUaH se skool werk dit nie so nie. Jy sal dieselfde toets bly skryf totdat jy verstaan, totdat jy geleer het wat jy moes leer.

Om die Israel (Jisra’El) van Elohiem te wees, is **om te oorwin met El**. “Jisra’El” (He will rule as God, H3478) bestaan uit twee wortelwoorde, naamlik “Sarah + El”:

1. Sarah:
    - Strong’s H8280 = **to prevail** *(seëvier)*, have power as a prince
    - AHL 1342 =
      <u>Definition</u>: The turning of the head to another direction. <u>One who rules turns the people to his direction</u>. The turning of the head of the child or student into a particular direction.

Ancient Hebrew: the pictograph  is a picture of **a thorn** representing a **turning**, the  is a picture of a head. Combined these mean "**turn the head**".

2. El:

- Strong's H410 =

  Shortened from H352; *strength*; as adjective *mighty*; especially the ***Almighty*** (but used also of any *deity*): - God (god), X goodly, X great, idol, **might (-y one)**, power, strong. Compare names in "-el."

- AHL 1012 =

  Definition**:** The yoke is understood as a "staff on the shoulders" (see Isaiah 9:4) in order to harness their power for pulling loads such as a wagon or plow. Hence, the two pictographs can also represent "the ox in the yoke". Often two oxen were yoked together. An older, more experienced ox would be teamed up (yoked) with a younger, less experienced ox. The **older ox** in the yoke is the "**strong authority**" who, through the yoke, **teaches the younger ox**.

  Ancient Hebrew**:** The pictograph  is a picture of an ox head and also represents its strength. The  is a picture of a shepherd staff and also represents the **authority of the shepherd**. Combined these two pictographs mean "**the strong authority**" and can be anyone or thing of strong authority.

Jakob se naam is na Israel (of "Jisra'El" in Hebreeus) verander (*wat verteenwoordigend was van sy geestelike geboorte*), nadat hy met die Engel geworstel het. Om te "worstel" en te "oorwin" is wat hom die naam besorg het. Sy fisiese nageslag was bekend as Israel/Jisra'El, maar ook is sy geestelike nageslag die "Jisra'El" van Elohiem (Gal. 6:16).

Jisra'El is die een wat worstel en oorwin .... met **El**.

Dink aan die sewe Gemeentes in Open. 2 – 3. Telkens eindig dit met "aan hom wat oorwin ...". Diè wat oorwin is hier indirek as "Jisra'El" uitgewys, die Israel van Elohiem.

Enige Gelowige wat enigsins in JaHUaH se diens is, gaan deur volhardingstoetse. Soos rekrute vir die weermag of polisie. Ons is Sy weermag en moet geoefen en afgerond word. Die Bruid het dan ook oorlogsklere aan, 'n wapenrusting (Ef. 6).

Die klere van die hoëpriester en die klere van die soldaat, sowel as die klere van die Bruid, is gelykvormig( Ex. 28, Jes. 61:10, Eseg. 16:10, Sag. 3:3 – 5, Efes. 5:27, Open. 19:8, Efes. 6:10 – 17, Open. 7:14).

As ons gedurig vra "Hoekom?", het ons nog nie oorgegee nie. Dis baie nodig om van alle sonde ontslae te raak en dit te bely, maar daar kom 'n tyd van oorgee en vertrou, al verstaan mens nie, al weet mens nie wat om regtig te bely of reg te stel nie. Job moes uiteindelik in Job 42:1 - 6 erken dat **JaHUaH Elohiem almagtig is** en hy nie en <u>tensy hy oorgee aan die wil van JaHUaH</u> kan hy nie oorwin nie.

Ons sal nooit alles verstaan wat met ons gebeur nie, maar ons kan met vrymoedigheid oorgee aan **JaHUaH wat Elohiem is wat vir ons redding in gedagte het**. Hy is besig om ons volharding te toets om Hom te volg en te vertrou, al gaan dit nie volgens die reël met ons nie. Wie het dalk al gesê ... "Ek het nou al alles bely, vloeke verbreek en al die bloedlynvloeke hanteer maar hier sit ek nog steeds met die aanslag teen my" ... of iets dergeliks, want daar is baie godsdienstige resepte daarbuite?

So kan alles aanhoudend verkeerd loop, dis die een ding nà die ander. Mens het skaars die een saak opgelos, dan is die volgende probleem op hande. Ken jy dit? Jy word getoets met Job se toets. Jy beleef voortdurend 'n teenstand van Satan ons Teëstander.

Die Job-toets is die Bruid se toets. Dis 'n neerlegging van die self en om al die antwoorde te kan hê. Ons kan goeie motiewe hê soos bv. om jou voor te neem om nie na dokters te gaan nie, maar om op genesing vanaf JaHUaH te vertrou; of dalk om nie chemiese medisyne te gebruik nie, maar net die natuurlike geneesmiddels uit Elohiem se apteek, of enige dergelike, regverdige en goeie voorneme, maar ons besef nie dat ons **gedurig deur Hom gelei moet word** nie en selfs moet sterwe aan ons goeie voornemens, al is dit sulke goeie voornemens. Sy doel is nie net jou fisiese genesing nie, maar om geheel en al aan jou eie maatstawwe en eie oplossings te sterwe en jou te **verneder** onder Sy hand. Hy wil kommunikasie met jou hê, Hy wil jou hart op Sy bors hê.

Probleme dryf die Gelowige uit na Hom toe. Hy kry die mens se volle aandag!

Baie keer sal ons eers agterna verstaan waarom (en dit mag lank duur om by die antwoord uit te kom). Daar is altyd 'n les te leer, 'n verhouding om te herstel en godsdienstige koppigheid om te laat vaar. Ons kan niemand behalwe onsself beheer nie en ons sien onsself nie soos JaHUaH en selfs soos ander ons sien nie. Hy neem drastiese stappe om mens by 'n punt van oorgawe te bring sodat mens **in Sy teenwoordigheid, in die Allerheiligste,** van aangesig tot aangesig met Hom kan wees.

So het Job gesê:

> "Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het **my oog U gesien**." (Job 42 :5).

Hy wat vroom en opreg en godvresend was en afgewyk het van die kwaad, moes nog nader kom in JaHUaH se **teenwoordigheid**. Het jy al gesê:

> "Ek sal nooit weer dit of dat nie!"

Wat dit ook al mag wees, wat mens nooit weer sal doen nie, dit was dalk 'n goeie, skriftuurlike voorneme, niks fout met dit volgens die Woord nie, maar dit kan 'n "ek-ding" wees, sonder dat mens dit besef. Ons kan selfs goeie gawes hê en goeie eienskappe, maar raai wat, mens sal daaraan ook moet sterf. Goedheid en begaafdheid moet ook altaar toe totdat ons net deur JaHUaH lewe, deur Sy Gees in afhanklikheid van Hom, met niks om op te roem nie.

Ons kan nie roem op enige iets wat ons selfs van Hom geleer het nie. Ons kan nie eers roem op die oorwinnings wat ons geestelik behaal het en sondes wat ons bely en oorwin het nie. Pasop vir dit waarop gefokus word. Die mens se hart is bedrieglik bo alle dinge, wie kan dit ken (Jer. 17:9)? Ons ken nie ons eie harte so goed as wat ons dink nie. Job-toetse bring ons weer na die skietlood toe sodat ons as die Skepsel op ons Skepper kan fokus, sonder om iets te hê om op te roem.

Die stryd wat Job met Esau se nageslag (sy vriende) gehad het, sal ons stryd ook wees. Hulle was op soek na sy sonde. Ons sal altyd fisiese en geestelike familie hê wat vir ons alles kan vertel van onsself net omdat hulle ons goed ken en hulle kan sommer gou vir mens sê wat die sonde is wat ons moet bely (wat ons dalk al gedoen het) – maar uiteindelik moet ons <u>deur Elohiem onderrig word</u> om by oorwinning uit te kom. Ons ore moet naby aan Sy hart wees, soos Johannes s'n toe hy op JaHUsha se bors gelê het. Sy weë is nie ons weë nie en Sy gedagtes is nie ons gedagtes nie (Jes. 55:8).

Ons moet word soos klein kindertjies soos wat JaHUsha dit self vir ons gesê het in Matt.
18:1 – 4.

> "In daardie uur het die dissipels na JaHUsha toe gekom en gesê: Wie is tog die grootste in die koninkryk van die hemele?
> Toe roep JaHUsha 'n kindjie na Hom en laat hom in hulle midde staan en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk ingaan nie!
> Elkeen dan wat **homself <u>verneder</u> soos hierdie kindjie**, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele."

Wat 'n lae hou! Ons moet ontslae raak van die 'ek-is-god' gesindheid. Ons moet van ons troontjie afklim waarvandaan ons dink ons dinge kan beheer, wat dikwels 'n beheer is wat baie "geestelik" kan lyk, maar eintlik net ons eie "godsdiens" is wat ons beoefen.

Totdat ons die Job-toets geslaag het en begin verstaan het wie òns is en wie **Hy** is, sal ons nie 'n naby verhouding met JaHUaH kan hê nie. Daar kan wel misleidende godsdiensgeeste wees wat hulle voordoen as JaHUaH se Gees. Watter spook is dit?!

Job was wyser as sy vriende, want hy het 'n verhouding met JaHUaH gehad. Hy was 'n getroue dienskneg van Elohiem, maar nà JaHUaH se sowat 60 vrae, het hy verstaan dat dit nie meer saak maak om uit te vind "hoekom" nie.

Die antwoord op die hele toets was 'n besef in sy gees dat JaHUaH Elohiem is, dat JaHUaH magtig is en hy nie.

Toe hy die antwoord ontdek het, was hy vry en het hy vrede gehad. Hy het geweet dat sy Verlosser hom sou verlos. Hy het opnuut oorgegee aan JaHUaH in alles en nie enige voorskrifte of versoeke of selfs voornemens gehad nie. Sy geloof het gerus op die feit dat JaHUaH die Almagtige is, Hy is die Skepper. Hy was net 'n Skepsel wat die voorreg gehad het om die Allerhoogste, sy Skepper, te ken.

Job is waarskynlik die oudste boek in die Bybel. Daar word gesê dat toe Totius die Skrif in Afrikaans vertaal het, hy sou gesê het: "Job wil maar net nie Afrikaans praat nie", want dit was geskryf in argaïese Hebreeus. Tog het Job geweet wat Paulus geweet het. Hy het **geweet dat sy Verlosser leef**.

> Job 19:25 – 26 "MAAR ek, ek weet: **My Verlosser leef**; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan.
> En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans **uit my vlees Elohiem aanskou**; Hom wat èk sal aanskou my ten goede, en my oë – en geen vreemde nie – sal sien. My niere versmag van verlange in my binneste."

In die Amplified Bible klink hierdie gedeelte sò:

> "For I know that my Redeemer and Vindicator lives, and at last He [the Last One] will stand upon the earth. And after my skin, <u>even this body, has been destroyed</u>, then **from my flesh or without it I shall see God**."

Hoe het Job geweet van die transformasie van 'n fisiese liggaam na 'n geestelike liggaam soos Paulus dit opgeskryf het in 1 Kor. 15:50 – 57?

> "Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van Elohiem nie kan beërwe nie; ook **beërwe die verganklikheid nie die onverganklieheid nie**.
> Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.
> Want **hierdie verganklikheid moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.**
> En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.

> Dood, waar is jou angel?  Doderyk waar is jou oorwinning?
> Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde is die wet.
> Maar Elohiem sy dank, <u>wat ons die oorwinning gee</u> deur onse Meester **JaHUsha die Messias**."

Job het ook in Job 14:14 laat blyk dat hy weet van die ewige lewe:

> "As 'n mens sterwe, sal hy **weer lewe**?  Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom."

Job het meer wysheid gehad as meeste mense vandag.  Sy verhouding met JaHUaH was dieper as meeste mense s'n vandag.  Satan het sy lyding veroorsaak deur **demoniese aanvalle**.

Toordery en heksery is algemeen.  Moet dit nie onderskat as 'n bron van die aanvalle wat die Gelowige kan beleef nie, maar Hy wat in ons is is groter as Satan wat in die wêreld is (1 Joh. 4:4).  Die regerings van hierdie wêreld bevorder ook die saak van die duisternis.  Elkeen wat wil afgesonder lewe, sal demoniese aanvalle beleef.  Dit kan regstreeks deur 'n persoon wees, of onregstreeks.  Satan haat ons.  Hy is soos 'n verontregte vrou wat jaloers is op die nuwe vrou.  Dis haat met 'n passie.

Tog wil JaHUaH net hê dat ons onsself aan Hom moet onderwerp, of ons verstaan of nie verstaan nie.  Hy het al die wysheid en **Hy het net verlossing in gedagte vir ons**.  Hy stry vir ons en ons moet stil wees (Ex. 14:14).

> Jer. 29:11  "Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek JaHUaH, gedagtes van **vrede** en nie van onheil nie, om julle 'n **hoopvolle toekoms te gee**."

Vrede is 'shalom' ( שָׁלוֹם ) in hebreeus.  Dit beteken baie meer as net blote vrede.  Dit is afgelei van die wortelwoord 'shalam' wat beteken '**om te herstel**', in die sin van vervanging of voorsiening van dit wat nodig is om iemand weer **heel en kompleet** te maak.  Die selfstandige naamwoord (shalom), word gebruik vir iemand aan wie dìt voorsien sal word wat nodig is om heel en kompleet te wees.

Job het 'shalom' ervaar nàdat hy die toets geslaag het.  Hy is **herstel** in alle opsigte.  Hy het weer sy gesondheid gekry, asook 'n gesin en welvaart daarby.  Hy het ook nog 140 jaar lank daarnà geleef.

> Job 42:10 -17  "En JaHUaH het die **lot van Job verander** toe hy vir sy vriende gebid het; en JaHUaH het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel *as voorheen*.
> Ook het al sy broers en al sy susters en al sy bekendes van vroeër na hom gekom en met hom saam brood geëet in sy huis;  en hulle het met hom medelyde gehad en hom vertroos oor al die onheil wat JaHUaH oor hom gebring het.  En hulle het hom elkeen 'n geldstuk gegee en elkeen 'n goue ring.

> En **JaHUaH het die einde van Job meer geseën as sy begin**; en hy het veertien duisend stuks kleinvee en sesduisend kamele en duisend paar beeste en duisend eselinne gehad.
> Daarby het hy sewe seuns en drie dogters gehad.
> En hy het die eerste genoem Jemìma en die tweede Kesia en die derde Kerenhappug.
> En in die hele land is geen vroue gevind so mooi soos die dogters van Job nie; en hulle vader het hulle 'n erfdeel gegee onder hulle broers.
> En Job het daarna **honderd-en-veertig jaar lank gelewe**; en hy het sy kinders en kindskinders gesien, vier geslagte.
> En Job het gesterwe, oud en afgeleef."

Hy wat Job is *(Gehatene)*, die seun van Issaskar *(Daar is loon)*, het homself totaal en al aan JaHUaH oorgegee en die loon daarvan verkry. Hy is herstel in alle opsigte.

Miskien moet ons ophou om te vra: Hoekom? Ons kan JaHUaH liewer prys vir Sy goedheid en met volle geloofsvertroue op Hom leun, omdat Hy vir ons 'shalom' in gedagte het, maar eers wil hy jou reining van alle '**self**'. Die poort waardeur ons moet gaan is nou, daar is nie plek vir bagasie nie en die 'self' neem hopeloos te veel plek om deur die nou poort te kan kom.

Jakobus het ook vir ons advies in Jak. 5:8 -11 ...

> "Julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte, want die **wederkoms van JaHUaH is naby**. Moenie teen mekaar sug nie, broeders, sodat julle nie veroordeel word nie. **Kyk**, die Regter staan voor die deur. Neem as voorbeeld van lyding, my broeders, en van geduld die profete wat in die Naam van JaHUaH gespreek het. **Kyk**, ons reken hulle geluksalig wat verdra. Julle het gehoor van die **<u>lydsaamheid van Job</u>**, en julle het die einddoel van JaHUaH *met hom* gesien, dat **JaHUaH vol medelye en ontferming is**."

Die woordjie '**kyk**' is 'hinei' in Hebreeus. Die Melgisèdekskrifte (N.T.) is in Grieks, maar as ons die woordjie terugneem na die Hebreeus, is dit eintlik 'n baie belangrike uitroep. Ons lees sommer so daaroor, maar dit beteken letterlik: '**Let op, hier kom 'n openbaring**!' Dis soos wanneer die gordyne toe was op die verhoog en dit word uiteindelik oopgemaak sodat mens kan sien. Dit wat dus nà 'Kyk' volg, is wat gesien word nàdat die gordyn uiteindelik oopgetrek word.

Ons moet dus oplet dat die wederkoms naby is en dat die Regter voor die deur is en ook hoe die profete vervolg was. Ons moet oplet hoe Job sy lyding met geduld verduur het sonder om bitter te word, maar ons moet weet dat JHUH vol medelye en ontferming is.

Hy wil ons transformeer na Sy natuur, na Sy weë en Sy gedagtes, sodat ons vry kan wees van die verstrikking en slaggate van die wêreldse bestel. Sal ons ons kan onderwerp aan die Job-toets?

DIE OOSTERSE BRUID

Die Oosterse bruid het haar man gevolg. Dit is hoe die Messias se Bruid moet wees. Ons moet Hom volg. Hy lei. Toe hy gesê het: "Volg my" was dit 'n uitnodiging vir sy dissipels om deel te word van die Bruid, om die hart van die Bruid te ontwikkel.

> Lukas 9:23 – 24 "En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homelf verloën en sy kruis elke dag opneem en **My volg**.
> Want elkeen wat **sy lewe wil red**, sal dit verloor; maar elkeen wat **sy lewe om My ontwil verloor**, hy sal dit red.
> Wat baat dit 'n mens tog as hy die hele wêreld win, maar homself verloor of skade aandoen?"

Hy het vir baie mense gesê om Hom te volg (Matt. 8:22, Matt. 9:9, Matt. 9:21, Mark 2:14, Mark. 10:21, Luk. 5:27 ens.). Hy het hulle eintlik genooi om Sy Bruid te word.

In Open. 14:4 word die 144 000 ook uitgebeeld as Gelowiges wat die Lam volg.

> "Dit is hulle wat hulleself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die **Lam volg** waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir Elohiem en die Lam."

As Bruid moet ons Job se verhaal mooi verstaan en bereid wees om getoets te word en te sterwe aan die Self en aan die Wêreld. Ons sal selfs die "raad" van goed-bedoelende Medegelowiges en Vriende of Familie moet verduur.

SLOT

Uiteindelik is dit die Skrif wat self met ons praat as ons die Bruid se toets wil deurkom. JaHUsha self het gesê dat ons verdrukking sal beleef.

> Joh. 16:33 "Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In **hierdie wêreld sal julle verdrukking hê**; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.

As ons uit Elohiem gebore is, kan ons die verdrukking wat ons in hierdie wêreld sal hê oorwin deur **geloof**, die geloof wat Job ook beoefen het, naamlik dat JaHUaH alleen Elohiem is. Job het geglo dat sy Verlosser leef.

> 1 Joh. 5:4 "Want alles wat **uit Elohiem gebore is, oorwin die wêreld**; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, *naamlik* ons **geloof**."

Ons sal dienaars wees en nie 'n vreeslike aansien hê nie, en baie vernederings mag deel van die pakket wees.

Matt. 23:11 – 12 "Maar die grootste van julle moet jul **dienaar** wees. Wie homself **verneder**, sal verhoog word."

Uiteindelik sê Jesaja vir ons by wie JaHUaH woon (JaHUaH Shammah/JaHUaH is daar) ...

Jes. 57:15 "Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Afgesonder is sy Naam: Ek woon in die **hoogte** en in die **afgesonderde plek** en by die **verbryselde en nederige van gees**, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes."

Laat my nou toe om jou, die Leser, te seën en **die Naam van JaHUaH op jou te lê** met Num. 6:24 – 26.

"JaHUaH sal jou seën en jou behoed; JaHUaH sal **sy aangesig oor jou laat skyn** en jou genadig wees; JaHUaH sal **sy aangesig oor jou verhef** en aan jou vrede *(shalom)* gee."

Mag die Leser JaHUaH ken van aangesig tot aangesig en nie net van hoorsê via menslike leringe nie en mag JaHUaH ons in guns aanneem en mag Hy ons herstel en ons lot verander en ons skades dubbeld vergoed.

Bowe al, mag ons elkeen die teenwoordigheid van JaHUaH in die Mees Afgesonderde Plek beleef en die Lam volg waar Hy lei.

0-0-0-0-0-0-0-0

AndriYaH
2011, Hersien Januarie 2018